



Verwysing: 20190320-3038
Lêerno.: 12/2/11/6/4
Navrae: S Rampou

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0013/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone en onafhanklike skole met graad 7-klasse

Onderwerp: **AstroQuiz 2019 — Graad 7-leerders**

1. Die *AstroQuiz* is 'n wetenskapkompetisie vir graad 7-leerders wat op astronomie- verwante temas gebaseer is en by die "Aarde en die Ruimte"-afdeling in die Natuurwetenskappekurrikulum aansluit.
2. Die *AstroQuiz* is 'n projek wat deur die *South African Agency for Science and Technology Advancement (SAASTA)* befonds en provinsiaal deur die Suid-Afrikaanse Astronomiese Observatorium (SAAO) bestuur word. Hierdie projek het ten doel om:
 - belangstelling in wetenskap in primêre skole aan te moedig;
 - klaskamerpraktyk te verbeter;
 - bewustheid en insig in basiese astronomie, wetenskap en wiskunde te skep; en
 - 'n belangstelling in loopbaangeleenthede in astronomie en ander wetenskappe aan te moedig.
3. Sedert 2006, is die *AstroQuiz* met groot sukses in die provinsie geïmplementeer en belangstelling in hierdie kompetisie het merkwaardig toegeneem. Hierdie kompetisie vind slegs in Engels op provinsiale en nasionale vlakke plaas.
4. Die Wes-Kaap se *AstroQuiz*-kompetisie is sedert 2015 'n aanlyn kompetisie. Leerders mag hul selfone gebruik om deel te neem. Skole sonder 'n aanlyn fasiliteit sal egter die geleentheid kry om 'n papier-gebaseerde *AstroQuiz* af te lê.
5. Om vir die *AstroQuiz* in te skryf, moet skole spanne van vier graad 7-leerders identifiseer om die skool te verteenwoordig.
6. Die eerste twee rondtes van die provinsiale *AstroQuiz* sal op skoolvlak onder toesig van die verantwoordelike onderwysers plaasvind. Skole word aangemoedig om soveel spanne as moontlik in te skryf.

7. Daar sal 'n oefenronde vir leerders wees om die vasvra aanlyn te oefen. Skole ding mee deur 'n stel van 30 vrae in elke rondte te beantwoord. Alle skole sal dieselfde vrae beantwoord. Die spanne kry 'n vasgestelde 60 sekondes per vraag. Spanne mag die antwoorde saggies onder mekaar bespreek. Slegs een span per skool mag aan die tweede rondte deelneem. Leerders wat aan hierdie rondte deelneem, word nie toegelaat om enige hulpbronmateriaal by die vasvra-lokaal in te neem nie.
8. Provinsiale Rondtes 3 en 4 sal op dieselfde dag by die SAAO in Observatory, Kaapstad plaasvind. Hierdie jaar sal elke distrik vir die eerste keer deur vyf skole verteenwoordig word. Ons moedig dus soveel skole as moontlik aan om van hierdie geleentheid gebruik te maak. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal verantwoordelik wees vir die vervoereise van die onderwysers wat die spanne na die provinsiale Rondtes 3 en 4 vervoer. Die onderwysers sal die WKOD-eisvorms by die SAAO ontvang. Die SAAO sal egter verantwoordelik wees vir die vervoer van die span wat die provinsie by die nasionale finale rondte van die geleentheid verteenwoordig.
9. Die datums vir die *AstroQuiz* vir 2019 is soos volg:

RONDTE	DATUM	LOKAAL
1	24 Julie 2019	Skoolvlak
2	7 Augustus 2019	Skoolvlak
3 & 4	29 Augustus 2019	SAAO in Observatory, Kaapstad
Nasionale finale	23–26 September 2019	Gauteng

10. Die hulpbronnepakket vir die *AstroQuiz* en vorige jare se vraestelle kan by die SAAO *AstroQuiz*-webwerf afgelaai word by www.astroquiz.saa.ac.za. Indien 'n skool 'n drukstuk van die *AstroQuiz*-boekie benodig, kan hulle dit aanvra deur 'n e-pos met die skool se naam en posadres aan help@astroquiz.saa.ac.za te stuur.
11. Die WKOD raai alle skole aan om die *AstroQuiz*-hulpbronnepakket en vorige jare se vraestelle te gebruik, sodat leerders kan oefen hoe om die vasvrae te beantwoord. Dit moet 'n oopboek-aktiwiteit vir groepe van vier leerders elk wees, met elke groep wat as 'n span saamwerk.
12. Skole wat belangstel om aan die vasvrae deel te neem, moet direk by die SAAO via die *AstroQuiz*-webwerf registreer. Toegang tot die webwerf kan verkry word by <http://astroquiz.saa.ac.za>. Registrasie open vanaf April 2019.
13. Alle kommunikasie van die SAAO sal deur 'n e-pos en/of SMS ontvang word. Onderwysers kan hul voorkeurkommunikasiemetode kies wanneer hulle registreer. Om op die hoogte van die vasvrae te bly, is onderwysers ook welkom om by die *AstroQuiz*-poslys aan te sluit. Toegang daartoe kan verkry word by <http://astroquiz.saa.ac.za/join-the-mailing-list/>.

14. Die WKOD moedig alle skole met graad 7-leerders aan om aan die *AstroQuiz* vir 2019 deel te neem.
15. Kontak asseblief die SAAO of besoek hul webwerf indien u enige verdere vrae of meer duidelikheid oor die kompetisie verlang:
Tel: 021 460 9369/093 467 1131 (Me. Buzani Khumalo)
 021 460 9319 (Me. Thembela Mantungwa)
 021 460 9328 (Dr. Christian Hettlage)
Faks.: 086 554 1330
E-pos: help@astroquiz.saa.ac.za
Webwerf: <http://astroquiz.saa.ac.za>
16. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Natuurwetenskaponderwysers vir graad 7 te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-04-09